



**#Imagine 2018**

### **'n Generasie van hoop**

Dikwels as ons die koerante lees, is moedeloosheid die emosie wat in ons harte leef. Maar na die **#imagine experience 2018**, is daar 'n nuwe gevoel wat in my hart leef. 'n Gevoel van hoop. Hoop oor 'n nuwe generasie wat iets van die koninkryk beliggaam, iets van liefde verstaan wat anders kyk, anders dink en anders liefhê, en dit vertel 'n alternatiewe verhaal. 'n Verhaal waarby ons as gelowiges nie anders kan as om by aan te sluit nie.

Die **#imagine experience 2018** het plaasgevind van 6-8 April, op vier verskillende terreine, in vier verskillende provinsies. Met dieselfde program en temas rig die geleentheid jongmense op om deel te word van 'n beweging. Dit vorm 'n brander van jongmense wat die lig van Jesus in hulle harte dra en daarom nie anders kan as om die alternatiewe storie van die koninkryk te begin leef nie. Die toerusting wat by hierdie geleenthede aan die jongmense gegee is, is om anders te kyk, anders lief te hê, anders te leef en anders te gee. Toerusting wat fokus om die missionale DNS wat in die kerk en in gelowiges se harte moet leef, prakties aan jongmense te gee, op so 'n manier dat hulle opgewonde is oor die verskil wat hulle in die wêreld kan maak. Die **#imagine** beweging help ons om oor taal-, kleur- en kultuurgrense die wonderlike God wat ons Here noem, te aanbid. Hierdeur maak ons nuwe deure van verstaan en verhoudings vir elke jongmens oop.

Die **#imagine** beweging het 'n klomp verskillende vennote, met 'n klomp verskillende maniere waarop die beweging jou as gemeente kan bystaan - geleenthede waarby jy en jou gemeente net kan aansluit. Gaan loer gerus op die webblad ([www.imaginemovement.co.za](http://www.imaginemovement.co.za)) of kyk uit in die Familienuus vir die uitreik-geleenthede in die Junie/Julie vakansie. Indien jy nog nie deel is van die beweging nie is dit nou 'n goeie tyd om aan die beweeg te kom.

Grensloos groete

Herman Matthee